# VERLEDE TYD OEFENING - MEMORANDUM

## GRAAD 12

## Fokus: Tye

1. Die tiener het 'n spieël gebreek; toe het hy sewe jaar van ongeluk gehad.

   > toe

2. 'n Jakarandablommetjie wat op jou kop geval het, het geluk vir die eksamen voorspel.

3. 'n Sirkel om die maan het beteken dat dit binne drie dae sou reën.

   > Nie een van die werkwoorde kry 'n –ge nie.

4. Ek het die man oor allerhande vreemde bygelowe hoor praat.

   > 1. skeibare werkwoord
   > 2. Die eerste werkwoord word vas aan die tweede werkwoord geskryg met 'n –ge in die middel.

5. Werner het nooit 'n sambreel in die huis oopgemaak nie, want dit het ongeluk voorspel.

6. Dit was ongelukkig om 'n hoed op 'n bed te laat lê.

   > 1. infinitief
   > 2. Dit word net so oorgeskryf.

7. Die oomblik dat jy in bygelowe begin glo het, het jy jou oopgestel vir twak.

8. Emily het gereeld onder lere deurgeloop en geen ongeluk het haar getref nie.

9. Thoko het gereeld sout oor haar linkerskouer vir geluk gegooi toe sy dit laat val het.

   > Dit verander na toe.

10. Ek het nie in bygelowe geglo nie, maar ek het vriende wat daarin glo.

Pikkie Publikasies

**Besoek www.woemaboeke.com vir oefeninge, hulpbronne en inspirasie vir die Afrikaans Addisionele Taal klas.**
**Kontak ons by info@woemaboeke.com vir meer inligting oor Woemaboeke of memorandums.**
**Gesels saam op Facebook.**